Navrae
Enquiries
IMibuzo N.A. DANIELS
Telefoon
Telephone
IFoni (021) 467-2483
Faks
Fax
IFeksi (021) 467-2996
Verwysing
Reference
ISalathiso 7/2/4

Wes-Kaap Onderwysdepartement
Western Cape Education Department
ISebe leMfundo leNtshona Koloni

AAN:

HOOFDIREKTEURE, DIREKTEURE, AREA- EN KRINGBESTUURDERS, VAKADVISEURS EN HOOFDE VAN ALLE ONDERWYSINRIGTINGS

OMSENDBRIEF 0004/2001

**PLAASVERVANGERS VIR OPVOEDERS WAT VAKANSIEVERLOF NEEM VIR GODSDIENSTIGE DOELEINDES**

Die beleid rakende die toekenning van plaasvervangers vir opvoeders wat vakansieverlof neem (kyk Omsendbrief 0013/99) word hiermee uitgebrei om voorsiening te maak vir gevalle waar opvoeders vir die eerste keer aansoek doen om verlof vir godsdienstige doeleindes. In sodanige gevalle sal plaasvervangers wel toegestaan word onderhewig aan die volgende:

1. 'n Plaasvervanger word vir 'n tydperk van hoogstens ses weke toegeken.

2. Die opvoeder wat met verlof gaan bevestig dat hy of sy vir die eerste keer aansoek doen om verlof vir godsdienstige doeleindes.

3. 'n Plaasvervanger word nie toegeken waar die opvoeder voorheen verlof vir hierdie doel toegestaan is nie.

4. Skole met botallige opvoeders (d.w.s. waar daar meer opvoeders as poste is) deel nie in hierdie vergunning nie.

HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2001-01-16.